



PAARL-SKOOL

NUUSBRIEF 1/2026



PAARL SCHOOL

NEWSLETTER 1/2026

Paarl-skool Ontwikkelingstigting se “Colour Me Joyful” damesoggend op Saterdag, 21 Februarie, was inderdaad kleurvol – in elke opsig! Die heerlike samesyn en veral die sprekers se belewenis van Paarl-skool en hul roerende woorde het my werklik diep geraak.

As ek dus ’n prentjie van hierdie kwartaal moes skilder, sou dit beslis met kleur gevul wees.

Die jaar het met opgewondenheid begin en talle goue oomblikke het gevolg toe ons leerders, personeel en ouers ná die vakansie teruggekeer het. Die gange is weer gevul met stemme, beweging en afwagting vir die jaar wat voorlê. Die opgewondenheid van ons nuwe leerders en ons Graad 1’s, was tasbaar. Van die heel eerste skooldag af was dit duidelik dat dit ’n kwartaal vol energie en geleentheid sou wees.

Atlete van die Rooi- en Blou-spanne het tydens ons Interkleure-atletiekbyeenkoms en -swemgala meegeding om met die louere weg te stap. Leerders uit verskillende sportkodes het daarna ook entoesiasies deelgeneem aan die verskeie geleentheid wat aan hulle gebied is, soos u verder in hierdie nuusbrieff kan sien. Hierdie aktiwiteite was egter meer as net kompetisies; dit was geleentheid vir leerders om selfvertroue en veerkragtigheid te ontwikkel.

Die kleure van ons skoollewe word egter nie net op die groen sportvelde gevind nie.

Ons gange en klaskamers, gevul met allerlei kleure, skep ’n warm en uitnodigende atmosfeer. Dwarsdeur die kwartaal het ons die vreugde van leer en die ontwikkeling van potensiaal in klaskamers en terapielokale beleef. Die multidissiplinêre benadering by ons skool verseker dat leerders nie net onderrig ontvang nie, maar ook die ondersteuning en sorg wat hulle nodig het om te floreer. Ek is besonder trots op elke personeellid wat, elkeen op hul unieke manier, kleur toevoeg tot ons leerders se lewens.

Wanneer ons terugkyk na die foto’s en stories wat die afgelope kwartaal gedeel is, sien ons meer as net aktiwiteite. Ons sien oomblikke van vreugde: personeel wat geleentheid skep, leerders wat met entoesiasme deelneem, mekaar aanmoedig, ware sportmanskap toon, en vriendskappe wat elke dag sterker word.

Paarl-skool het eenvoudig daardie x-faktor wat nie maklik in woorde vasgevang kan word nie. Terwyl ons die volgende kwartaal nader, mag ons voortgaan om kleur by die storie van ons skool te voeg: die kleur van omgee, die kleur van respek, die kleur van verantwoordelikheid, en bowenal, die kleur van moed.

Voor elke leerder lê ’n pragtige doek vol hoop en moontlikhede, en my wens vir elkeen van hulle is om dit vreugdevol in te kleur.

Seënwense


Annaline Norman

Veel meer as 'n skool / More than a school

Prefekte 2026



Kiara Swartz



Keanu Smith



Hoofleiers

EERSTE KWARTAAL

TROTS

op julle!

Leierskapkamp

Die prefekte het die kwartaal met groot entoesiasme afgeskop tydens ons jaarlikse prefektekamp. Die kamp het gefokus op spanbou, leierskapsontwikkeling en die versterking van samewerking tussen die prefekte. Dit was 'n waardevolle geleentheid waar ons mekaar beter leer ken en nuwe doelwitte vir die jaar gestel het.



Wêrelddag vir Maatskaplike Werk



17 Maart was Wêrelddag vir Maatskaplike Werk en ons het die belangrike rol gevier wat maatskaplike werkers speel in die ondersteuning van individue, families en gemeenskappe. Esté Botha, Paarl-skool se maatskaplike werker, is deur die prefekte bederf om haar te bedank vir al haar ondersteuning en hulp. Luke Adams en Geraldo Griffiths het 'n mooi plantjie oorhandig.

Valentynsdag-projek

'n Spesiale uitreikprojek is vir Valentynsdag geloods waartydens toiletware en tweedehandse klere ingesamel is. Die skoolgemeenskap se ondersteuning was oorweldigend en al die skenkings gaan aan behoeftige gesinne versprei word deur die K2 Assosiasie.



Prefekte is diensbaar

Die prefekte het ook diens gelewer tydens Kwartaal 1 se oueraand. Hulle het die ouers verwelkom en na hul onderskeie vergaderings vergesels. Verder het hulle ook vroeg op 'n Saterdagoggend aangemeld om parkering aan te wys vir ons gaste wat die Indaba-uitreik vir Voldiensskole, aangebied deur Paarl-skool, bygewoon het. 2026 se prefekte is 'n sterk groep leiers vol inisiatief.

Wêreldbiddag vir Vroue

Op 6 Maart het ons skool bymekaargekom om Wêreldbiddag vir Vroue te vier: 'n spesiale geleentheid waar vroue regoor die wêreld in geloof en gebed saamkom. Vanjaar is die boodskap gelei deur die vroue van Nigerië.

Al die vroulike personelede en dogters van ons skool het bymekaargekom vir hierdie betekenisvolle tyd saam. Ons was bevoorreg om Candice da Rocha as gasspreker te hê. As 'n voormalige personeellid was dit wonderlik om haar weer te verwelkom.

Candice het 'n boodskap gedeel uit Matteus 11: 28–30 en ons herinner aan Jesus se uitnodiging: “Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” Sy het ons aangemoedig om in ons besige lewens stil te raak en rus en krag by God te vind.

Die byeenkoms het op 'n besondere noot geëindig toe vyf leerders dapper hardop vir ons skool en gemeenskap gebid het.



Waarde van die kwartaal

RESPEK



Groet is GOED! • Greeting is GOOD!

Paarl-skool is 'n waarde-gedrewe skool en ons fokus elke kwartaal op een van ons vier kernwaardes om dit by ons leerders tuis te bring.

Leerders word aangemoedig om hierdie waardes op 'n daaglikse basis uit te leef. Rio die leeu is ons kenteken.

Koshuis

Ons koshuis is trots om ons twee nuwe hoofleiers vir die jaar bekend te stel, Lincoln Nimmerhoudt en Rethabile Tlala. Hierdie leerders het hulself reeds bewys as verantwoordelike, betroubare en toegewyde rolmodelle binne ons koshuisgemeenskap.

As hoofleiers sal hulle 'n belangrike rol speel in die ondersteuning van die koshuispersoneel, die bevordering van samewerking tussen leerders en die handhawing van die waardes waarop ons koshuis trots is. Hulle leiding, positiewe gesindheid en voorbeeld sal beslis 'n verskil maak in die daaglikse lewe van ons koshuiskinders.

Ons wens hulle alle sterkte toe met hierdie verantwoordelike taak en sien uit na 'n suksesvolle jaar onder hul leiding.





Sport Hoogtepunte



'n Kwartaal van sukses in atletiek: ons vier ons atlete se prestasies!

Hierdie kwartaal was ons skool se atletiekprogram niks minder as skouspelagtig nie, gevul met opwindende byeenkomste, strawwe mededinging en goeie prestasies. Van ons jaarlikse kleuresport tot die Mini-atletiek en die Westelike Provinsie LSOB-proewe, het ons atlete ons trots gemaak by elke geleentheid.

Mini-atletiekbyeenkoms

'n Vertoonvenster van talent en sponsees.

Ons het ons jaarlikse Mini-atletiekbyeenkoms aangebied, wat die geweldige talent en sportmangees van ons jonger atlete ten toon gestel het. Dit was 'n aand gevul met energie en opwinding. Daar was hierdie jaar 9 skole wat deelgeneem het en ons bane was stampvol! Ons het Jan Kriel, Tafelberg, Hebron Christenskool, Dunatos, Nota Bene, Westcliff, Axios en Vista Nova verwelkom. Baie geluk aan alle deelnemers wat hierdie geleentheid so spesiaal gemaak het!



Kleuresport

Kleuresport: 'n Rooi span-oorwinning!





Ons langverwagte kleuresport was hierdie kwartaal 'n groot sukses en het leerders, onderwysers en gesinne bymekaargebring vir 'n dag van prettige en vriendelike kompetisie. Na hewige wedywing het die rooi span as oorwinnaars uit die stryd getree. Baie geluk aan almal wat deelgeneem het, en veral aan die rooi span vir hul welverdiende oorwinning!



Interskole

Ons atlete het ons trots gemaak by die jaarlikse Interskole, waar ons tweede geëindig het – en dit boonop sonder senior atlete! Baie rekords is gebreek en vele vriendskappe is gemaak.

Geluk aan Jamé Nel wat aangewys is as Junior Victrix Ludorum.



Westelike Provinsie en LSOB proewe

'n Trotse oomblik vir ons skool

Een van die hoogtepunte van die kwartaal was ons atlete se deelname aan die Westelike Provinsie en LSOB proewe. Sewe van ons talentvolle atlete is gekies om die Westelike Provinsie-span te verteenwoordig: Lee-Shay Meyer, Qunie Hendricks, Jamé Nel, Megan de Jager, Zoë Ball, Pieter Venter en Kiara Swartz - 'n groot eer en 'n bewys van hul harde werk en vasberadenheid. Ons is ongelooflik trots op hul prestasie en wens hulle sterkte toe terwyl hulle voorberei vir die volgende fase van die kompetisie. Hierdie atlete het werklik 'n hoë standaard vir uitnemendheid gestel, en hul toewyding dien as 'n inspirasie vir al ons leerders.

Baie geluk aan al ons atlete, afrigters en ondersteuners dat hulle hierdie kwartaal onvergeetlik gemaak het. Hou aan met die goeie werk!



Wes-Kaap Parasport

Paarl-skool is weer terug as 'n klub na 'n paar jaar se afwesigheid en ons is vreeslik trots op ons atlete, fietsryers en boccia-spelers wat hierdie jaar die Wes-Kaap gaan verteenwoordig by die Nasionale SASAPD-kampioenskappe in Coetzenburg.

Boccia: Ilse du Plessis

Fiestry: Charl Joubert, Imaad du Toit, Luke Adams, Ndalo Ngwenya, Tanica Byne

Atletiek: Faith Adams, Johannes Vosloo, Kendahl Benting, Liyabona Jafta, Roshé Hamerslag





Wes-Kaap Hoërskool en LSOB Kampioenskappe



Ons atlete het ons skool met trots verteenwoordig as deel van die WP LSOB-span, wat op 13-14 Maart by Coetzenburg Stadion in Stellenbosch plaasgevind het. Atlete van regoor die Wes-Kaap — insluitend WP, Boland, Eden en Sentraal-Karoo — het aan die kampioenskappe deelgeneem. Ten spyte van uiterste hittegolf-toestande het ons leerders deursettingsvermoë en vasberadenheid getoon en ons skool baie trots gemaak.



'n Spesiale vermelding gaan aan Zoë Ball en Megan de Jager, wat baie goed gevaar het in die 1500m onder uitdagende weersomstandighede.

Uitstaande prestasies sluit in:

- **Jamè Nel:** gewigstoot - GOUD; skyfwerp - SILWER
- **Lee-Shay Meyer:** hoogspring en 400m - SILWER, 200m - BRONS
- **Qunie Hendricks:** verspring - BRONS
- **Kiara Swartz:** hoogspring - SILWER
- **Pieter Venter:** verspring - BRONS

Baie dankie aan Tiaan Koch en Gerrit Scheepers wat na ons WP-atlete omgesien het as deel van die bestuurspan. Ronel van Dijk het ook 'n belangrike rol vervul as deel van die Wes-Kaap Hoërskool en LSOB Atletiek uitvoerende komitee deur die medaljeseremonies te bestuur tydens die kampioenskappe.



Ons hou nou duim vas vir die aankondiging van die Wes-Kaap Hoërskool en LSOB Span wat die provinsie by die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB Kampioenskappe in Rustenburg, Noordwes Provinsie, in April gaan verteenwoordig.

Swem

Hierdie kwartaal het ons swemspan opslae gemaak met indrukwekkende vertonings by beide ons jaarlikse swemgala en die hoogsverwagte interskole-kompetisie. Van persoonlike bestes tot spangees, het ons swemmers werklik hul talent en vasberadenheid ten toon gestel, wat hierdie kwartaal een maak om te onthou.



Koor

Ons skoolkoor het die jaar met baie entoesiasme afgeskop, en ons is baie opgewonde oor die nuwe lede wat by die koor aangesluit het. Dit is altyd wonderlik om soveel talent en energie bymekaar te sien wanneer leerders hul liefde vir musiek deel.

Tydens die eerste repetisies het die koor reeds hard begin werk om 'n sterk grondslag vir die jaar te lê. Ons sien uit daarna om saam te groei, nuwe repertoire aan te leer en ons sangtalente verder te ontwikkel.

Ons is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê en kan nie wag om ons musiek met die skoolgemeenskap te deel nie. Baie sterkte aan al ons koorlede vir 'n jaar vol musiek, vriendskap en onvergeetlike oomblikke.



Landsdiens



LANDSDIENS KWARTAAL 1

23 FEB
SPELETJES MIDDAG
@ Paarl-skool
14:00 - 15:00
Koste: verniet

11 MRT
KUNS-MIDDAG
@ Paarl-skool
14:00 - 15:00
Koste: R20

13-15 MRT
HOËRSKOOI KAMP
@ Groot Drakenstein
Koste: R780 pp

20-22 MRT
LAERSKOOI KAMP

25 MRT
PIZZA PIEKNIK
@ Paarl-skool
14:00 - 15:00
Koste: R30



Die Landsdiens-maats het die kwartaal op 'n vrolike noot afgeskop met 'n prettige speletjiesmiddag. Tydens die middag het die leerders die geleentheid gehad om mekaar beter te leer ken, saam te lag en nuwe vriendskappe te bou. Die energie en entoesiasme was aansteeklik en dit was 'n wonderlike begin vir die jaar se aktiwiteite.

Ons sien baie uit na alles wat nog hierdie kwartaal voorlê, insluitend 'n kreatiewe kunsmiddag, opwindende kampe en natuurlik 'n gesellige pizza-middag.

Dit belooft om 'n kwartaal vol pret, samewerking en goeie herinneringe te wees!



Nuus uit die fases

Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het die jaar met groot opgewondenheid afgeskop! By ons atletiekdag het die maatjies vol energie deelgeneem – daar is vinnig gehardloop, hard aangemoedig en sommer baie gelag. Ons is baie trots op elkeen se entoesiasme en mooi spangees.

Met die warm weer het ons lekker waterspeletjies geniet. Die kinders het gespat, gegiggel en heerlijk afgekoel, 'n perfekte manier om die somerhitte te hanteer!

Ons het ook Valentynsdag met baie vreugde gevier. Die dag was vol liefde, vriendelikheid en spesiale oomblikke saam met maats en juffrouens. Ons sien uit na 'n fantastiese jaar saam!



Baie geluk aan Chané van Eyssen en haar man met hul wonderlike swangerskapnuus. Ons is saam met julle by en wens julle 'n baie spesiale tyd toe.



Grondslagfase

Die Grondslagfase het op 6 Februarie hul jaarlikse pretgala gehad waar leerders lekker kon baljaar in die water en 'n roomys kon geniet in die somerson.

Op 13 Februarie het ons leerders Valentynsdag met oop harte gevier. Met groot glimlagte het hulle lekker gelag, gedans en uit volle bors gesing tydens ons spesiale sokkie-dans.

Op 16 Maart het die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) se verteenwoordiger, Eoudia Erasmus, die Grondslagfase besoek om met ons leerders oor waterveiligheid te praat. Sy het belangrike wenke gedeel oor hoe om veilig rondom water op te tree. Dit was 'n leersame en waardevolle ervaring vir ons leerders.



Hittegolf-leermodus geaktiveer! Wanneer dit te warm is vir stoele, word die vloer die klaskamer en die onderkant van jou lessenaar die werkplek!



Intermediêre Fase

Die Intermediêre Fase het 'n besige en opwindende begin van die eerste kwartaal gehad. 'n Nuwe leierskap- en selfontwikkelingsprogram is vir al die Graad 6-leerders ingestel. As deel van hierdie inisiatief kry vyf leerders elke kwartaal ekstra verantwoordelikhede, en ons sien reeds hoe ons leerders in selfvertroue en leierskap groei.

Van die eerste week af werk leerders hard in die klaskamer. Leer is egter nie altyd ernstig nie — soms is dit ook konkreet en speels! Daar is immers geen beter manier om idioome te leer as deur 'n speletjie te speel nie.

Ons wil ook gelukwense oordra aan Lehandri de Necker en haar man, Nicholas, met die geboorte van hul dogter, Nihancké.

Laastens 'n hartlike welkom aan Andries Olivier, wat tans in die wiskundeklas instaan. Met sy baie jare se ondervinding weet ons ons Graad 5- en 6-leerders is in goeie hande.



Senior Fase



Ons het die kwartaal afgeskop deur die rooi tapyt vir ons nuwe Graad 7's uit te rol. Met ons tema, "Everyone fits in", het ons gefokus op die bou van 'n deurslag-gewende stukkie van die legkaart. Dit was fantasties om te sien hoe vinnig ons leerders ingeskakel het!

Ons het ook die skoolbanke verruil vir ontdekking tydens Wêreldhardopleesdag, waar ons stories uit die klaskamer geneem het om te bewys dat literatuur werklik geen grense ken nie. Dit was inspirerend om te sien hoe passievol ons leerders was terwyl hulle nuwe lewe in hul gunsteling verhale geblaas het.

Natuurlik kon ons nie die kwartaal laat verbygaan sonder groot pret nie! Ons Valentynsdans was 'n groot sukses gevul met liefde, lag en goeie musiek.



Ons het ook die nuutste lid van ons span verwelkom. Baie geluk aan Monique Hougaard en haar man met die geboorte van hul dogtertjie, Lienke. Mag sy julle harte met oneindige vreugde en liefde vul!



Funksionele Fase

Valentynsdag is met groot entoesiasme in die Funksionele Fase gevier. Leerders het dit geniet om op Valentynsdag “civvies” aan te trek, en liefde te versprei deur vriendelik en respekvol op te tree. Dit het ’n vrolike atmosfeer regdeur die fase geskep. Dankie aan die personeel en assistente wat die dag so spesiaal gemaak het. Ons Kwartaal 1 Koekverkoop was ’n groot sukses. Die inisiatief het ons fondsinsamelingspogings ondersteun, terwyl dit spanwerk en verantwoordelikheid onder leerders aangemoedig het. Ons is dankbaar teenoor die ouers en personeel wat heerlike eetgoed geskenk het. U ondersteuning word opreg waardeer. Die pret-swemgala was ’n hoogtepunt van die kwartaal. Leerders het met entoesiasme deelgeneem en uitstekende sportmanskap getoon. Die geleentheid was voorwaar groot pret – en die weer het so mooi saamgespeel. Dankie aan almal wat gehelp het om die dag onvergeetlik te maak.



Werksvorbereiding

Die Werksvorbereiding-leerders kry almal geleentheid om in die vaardigheidsklas te werk. Ons fokus daarop om die leerders bloot te stel aan ’n verskeidenheid werkstake sodat ons aan werkvaardighede, wat bestaan uit werksvermoë en werkgewoontes, kan werk. Ons leer die leerders oor taakbeplanning, -uitvoering, -voltooiing en -evaluering.



Die klasse doen baie herwinning, skoonmaakwerk, wasgoedwas, motorwas, bak, kosmaak en vele meer. Sommige klasse besoek ook verskillende werksinkels buite die skool op ’n gereelde basis. Ons het vroeg in die jaar reeds weggespring en leerders werk fluks en voltooi alle take met entoesiasme. So maak ons seker dat ons leerders voorbereid is vir die lewens skool.

Ondersteuningspan

Ons verwelkom vir Verdine Duvenhage en Hanrie Challis by die Paarl-skool Ondersteuningspan! Verdine sluit by ons aan as intern-sielkundige en Hanrie as spraakterapeut. Mag julle elke oomblik saam met ons geniet. Ons sien daarna uit om julle deel van ons span te maak.



Verdine Duvenhage
Intern Sielkundige



Hanrie Challis
Spraakterapeut



Ons spraakterapiespan het 'n uitreik gedoen na Watsonia Primêre Skool oor die aanleer van luistervaardighede. Ons drie spraakterapeute het aan die graad R-onderwysers waardevolle tegnieke en raad verskaf. Dit is vir die Paarl-skool Ondersteuningspan altyd 'n voorreg om met Watsonia Primêre Skool se onderwysers te werk.

Cangro




Ons wens vir Stuart Botha baie geluk wat as wenner van die Cangro Tamatieplant-projek aangekondig is. Ons is baie trots op hom en sy uitstekende prestasie.



Lily Loubser is aangekondig as die publiek se gunsteling met die meeste Facebook-likes. Baie geluk met hierdie besondere erkenning!



Hein van der Merwe is as die onderwyser-wenner aangewys. Baie geluk met hierdie prestasie!



Baie geluk aan al ons wenners - julle harde werk en entoesiasme maak ons baie trots!

Professionele Ontwikkeling

Die mantra van die WKOD is " Gaan in om te dien, gaan voort om te leer " vir opvoeders.
Die opvoederspersoneel het die volgende personeelontwikkeling hierdie kwartaal bygewoon.

Sr. Sandré
Jordaan het 'n
inspirerende
aanbieding
gedoen oor
epilepsie.



Jean-Marie Cilliers,
ons eie
arbeidsterapeut het
vir ons opleiding
gegee in
"Uitvoerende
funksies".



Dr. Serahni Symington
het 'n
motiveringspraatjie kom
lewer oor "Trauma –
effek op leerders,
opvoeders en
terapeute".



Gustav de la Port
het 'n aanbieding
gedoen oor
SharePoint en
OneDrive.



Ons nie-opvoeders het opleiding ontvang deur Sandré Jordaan oor epilepsie, en ons skool se fisioterapeute Reinette Barnard, Anthea Norman, Petronette Basson en Tamlin Abrahams het rugsorgopleiding met die groep gedoen.

FSS Indaba

Paarl-skool maak 'n Verskil

Op 31 Januarie het Paarl-skool as gasheer opgetree vir onderwysers van 20 skole vir 'n dag van insiggewende en interaktiewe werksinkels. As 'n aangewese hulpbronsentrum vir hoofstroomskole in die Metro-Oos-distrik, is dit vir ons 'n voorreg om saam met ons Inklusiewe Onderwysspan, 'n aanvullende ondersteuningsdiens te lewer. Ons fokus op die deel van kennis en hulpbronne, asook deurlopende opleiding aan hierdie skole. Tydens die geleentheid het Dr. Serahni Symington, 'n kenner op die gebied van trauma, waardevolle insigte met die teenwoordiges gedeel oor hoe onderwysers die impak van trauma in die klaskamer kan versag.

Paarl-skool se eie personeel het ook praktiese werksinkels gelei waar oplossings gesoek is vir die daaglikse uitdagings wat onderwysers in die gesig staar. Hulle het verskeie beproefde strategieë gedemonstreer wat reeds suksesvol vir ons eie leerders aangewend word.

Dit is duidelik: Paarl-skool maak 'n werklike verskil in ons breër opvoedkundige gemeenskap!



Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie.

Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

Damestee

Die PSOS het 'n damestee op 21 Februarie ten bate van Paarl-skool aangebied. Die tema was "Colour me Joyful" en die gassprekers was skrywer Sonja Goldberg, asook Candice Arendse en Dr. Rebello van Genetix. 145 gaste het die geleentheid bygewoon en R40 000 is ingesamel. Baie dankie aan al ons borge en elkeen wat die geleentheid ondersteun het.



Wynveiling

U WORD UITGENOOI NA ONS
JAARLIKSE WYNVEILING
AANGEBOD DEUR DIE

**Paarl-skool
Ontwikkelingstigting**

ten bate van Paarl-skool
vir leerders met gestremdhede

Woensdag 27 Mei 2026
18h00 vir 18h30
Eensgezind Durbanville
R4 000 / Tafel (10 gaste)

Driegangmaaltyd
en wyn op die tafel
ingesluit

Kontantkroeg beskikbaar
Drag: semi-formeel

RSVP
Martie Wilmot
ontwikkeling@paarlskool.org.za
082 457 7058

Ons jaarlikse wynveiling vind weer op 27 Mei te Eensgezind plaas. Ondersteun gerus hierdie geleentheid! Indien u weet van enige moontlike borge/donateurs hiervoor, kontak vir Martie Wilmot.
(ontwikkeling@paarlskool.org.za)

Loslitdag 2026

Loslitdag, die Nasionale Raad vir Persone met Gestremdhede se fondsinsamelings- en bewustheidsveldtog is hierdie jaar op Vrydag, 4 September – teken dit solank aan! Hierdie jaar se tema is “Beat as one” wat fokus op die erkenning van die inherente waarde, waardigheid en uniekheid van alle mense, ongeag hul vermoëns.

Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, SchoolDays en MySchool, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik om te registreer

Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg




MEMO

Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingcertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



Kontakbesonderhede

Martie Wilmot:

ontwikkeling@paarlskool.org.za

Elizbè van der Colff:

psos@paarlskool.org.za




021 981 3756



071 972 2967

Paarl Skool School

Ontwikkelingsstigting
Development Foundation



Pick-a-Pearl

Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingcertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.



Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingsstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>

Klik vir webwerf

